

## FROM THE EDITOR

What is the relevance of the Bible for vital issues in contemporary society? This question has acquired a note of urgency in the present context in which we find ourselves. If it is claimed - and rightly so - that the Bible has to do with all aspects of man's existence, the scientific study of these documents cannot take place *in abstracto*. The implications of fundamental biblical concepts for the central issues in our society need to be thought through and spelt out in concrete terms. Biblical Studies cannot keep itself aloof from contemporary ethical problems, but should accept the task to make a responsible and considered contribution to the debate.

The present issue of *Scriptura* has a distinct "ethical" flavour in so far as all contributions deal with some or other aspect of Christian ethics. Dr Theo Badenhorst focuses on the recent discussion concerning Paul's concept of righteousness. Is the  $\delta\omega\kappa\alpha\tau\omicron\sigma\upsilon\nu\eta$  of God a *gift* or a *force*? He opts for a third alternative in which due respect is paid to both the subjective and objective aspects of God's righteousness. Dr Etienne de Villiers examines the background of the recent debate on conscientious objection and the refusal to render national service in the armed forces, which aroused wide public interest. He discusses

## REDAKSIONEEL

Watter betekenis het die Bybel vir die brandende gemeenskapsvrae van die dag? Dit is 'n vraag wat in toenemende mate gehoor word. Wanneer met reg beweer word dat die Bybel die mens in al sy lewensverbande raak, beteken dit dat die wetenskaplike bestudering daarvan nie *in abstracto* kan plaasvind nie. Die implikasies van fundamentele Bybelse uitgangspunte moet op duidelike en konkrete wyse deurgetrekk word na die praktiese lewensomstandighede waarin die hedendaagse mens hom bevind. Daarom kan die Bybelwetenskap nie afsydig staan teenoor etiese vrae nie, maar het hy die verantwoordelikheid om op verantwoorde wyse 'n bydrae tot die gesprek oor hierdie sake te lewer.

Hierdie uitgawe van *Scriptura* dra 'n duidelike "etiese" stempel, in soverre in al die bydraes een of ander aspek van die Christelike etiek ter sprake kom. In die eerste artikel gaan dr Theo Badenhorst in op die nuwere diskussie oor die geregtigheidsbegrip by Paulus. Is die geregtigheid van God 'n *gawe* of 'n *mag*? Hy beweer dat dit 'n valse teenstelling is en bepleit 'n derde weg waarin aan sowel die subjektiewe as die objektiewe aspekte van Gods geregtigheid reg laat geskied word. Dr Etienne de Villiers skryf oor 'n saak wat onlangs groot openbare belangstelling gaande gemaak het, nl die kwessie van militêre diens=

some of the new amendments to the Defence Act and offers two recommendations. Dr Johann Kinghorn writes on a topic which likewise is very much in the forefront of public attention, viz the stipulations of the Mixed Marriages Act and article 16 of the Immorality Act. He reviews the historical circumstances which gave rise to the legislation and then discusses the problem from the biblical understanding of marriage.

This number also contains an index of all previous articles published in *Scriptura* to date. We trust that this will serve as a useful overview and reference tool to our readers.

weiering op grond van gewetens= besware. Hy verwys na die agtergrond van die debat, behandel enkele sentrale bepalinge van die nuwe Verdedigingswysigingswet en sluit af met twee aanbevelings. Dr Johann Kinghorn sny ewe-eens 'n aktuele tema aan, nl die huidige debat oor die Wet op Gemengde Huwelike en artikel 16 van die Ontugwet. Hy skets die historiese omstandighede waaruit hierdie wetgewing gebore is en behandel die probleem dan vanuit etiese perspektief, uitgaande van die Bybelse siening van die wese van die huwelik.

Die uitgawe bevat ook 'n indeks van alle artikels wat tot dusver verskyn het. Ons hoop om daarmee 'n handige oorsig en 'n verwysingshulp aan ons lesers te verskaf.